Mediaverklaring
Solidariteit
9 Maart 2010

Solidariteit verbind hom tot reuse gemeenskapsveiligheidprogram

Die vakbond Solidariteit het vandag, tydens samesprekings met president Jacob Zuma, hom daartoe verbind om betrokke te raak by ŉ reuse gemeenskapsbeveiligingsprogram. In ŉ memorandum wat met die president bespreek is, onderneem Solidariteit om die 136 000 mense wat deelgeneem het aan die brieweveldtog aan te moedig om aktief betrokke te raak by gemeenskapsbeveiligingsprogramme. Solidariteit het ook onderneem om al sy strukture en hulle gemeenskappe aktief te mobiliseer in gemeenskapsbeveiligingsprojekte.

Solidariteit het ook ŉ afspraak met die Minister van Polisie aangevra om die bekendstelling van so ŉ plan asook die moontlikheid van ŉ gemeenskapsbeveiligingskonferensie te bespreek. President Zuma is ook versoek om misdaad ŉ hoër prioriteit op die regering se agenda te maak. Die samesprekings het saamgeval met die oorhandiging van 136 000 briewe aan president Zuma waarin Suid-Afrikaners hulle misnoeë met die Suid-Afrikaanse misdaadsituasie uitspreek.

“Alhoewel mense duidelik voel dat die regering nie misdaad onder beheer het nie, kan ons nie net kla nie. Gemeenskappe moet ook aktief betrokke raak by hulle eie beveiliging. Ons gaan dus aan die een kant ŉ waghond-rol speel om sorg te dra dat die Suid-Afrikaanse Polisiediens hulle werk doen, maar aan die ander kant gaan ons aktief betrokke raak by die bekamping van misdaad. Ons oproep aan alle Suid-Afrikaners is om in te skakel by gemeenskapspolisiëringforums. Ons moet in samewerking met die SAPD ons vuis teen misdaad bal,” het Flip Buys, uitvoerende hoof van Solidariteit, gesê.

Solidariteit het die afgelope drie weke 136 000 mense gemobiliseer om boodskappe aan president Zuma te stuur. Suid-Afrikaners kon briewe deur ŉ webbladsy stuur, en diegene sonder internettoegang kon ook SMS-boodskappe stuur. “Ons het vir elke boodskap wat ontvang is ŉ standaardbrief uitgedruk. Die oorspronklike briewe en SMS-boodskappe is elektronies beskikbaar.”

Ons het aanvanklik gemik vir 10 000 en was totaal verras toe ons 23 000 briewe ontvang het wat ons op 16 Februarie aan die president wou oorhandig. Nadat die Presidensie nie die briewe ontvang het nie, het die momentum net toegeneem en ons was verstom toe ons sowat 136 000 boodskappe ontvang het. Dié 136 000 boodskappe is ŉ noodroep van gewone Suid-Afrikaners.

Dirk Hermann
Adjunk uitvoerende hoof: Solidariteit